

# SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

## Beursinligting



**Naam en van:** Rudolf Stehle

**Universiteit:** Universiteit van Pretoria

**Meesters:**

**Doktoraal:**

**Postdok:**

**Studierigting:** Afrikaans

**Titel van proefskrif of  
Verhandeling:**

Karnavaleske elemente in die uitbeelding van geweld in *Blood Meridian* deur  
Cormac McCarthy en *Buys* deur Willem Anker

**Datum van afhandeling:** November 2017

**Uitslag:** Slaag met lof

**Indien u studie nog nie afgehandel is nie op watter datum beplan u om klaar te wees:**

N.v.t.

**Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomst van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.**

In hierdie vergelykende studie word 'n Afrikaanse roman, Willem Anker se *Buys: 'n Grensroman* (2014), en 'n Amerikaanse roman, Cormac McCarthy se *Blood Meridian, or The Evening Redness in the West* (1985) onder die loep geneem. Die studie fokus op die aard en funksie van karnavaleske elemente in die uitbeelding van geweld in die twee romans. Die teorie van die karnavaleske, soos ontwikkel deur Mikhail Bakhtin in *Rabelais and His World* (1984) dien as breë teoretiese vertrekpunt, terwyl Steven Frye se artikel "*Blood Meridian and the Poetics of Violence*" (2013) meer spesifiek as teoretiese invalshoek dien vir die ondersoek na die uitbeelding van geweld in die twee romans. Na aanleiding van Frye se beskouing van die karnavaleske as 'n "estetiese strategie" word daar ook aansluiting gevind by Terry Eagleton, Kenneth Burke en Fredric Jameson se sienings van die literêre teks as 'n strategiese reaksie op 'n gegewe situasie of konteks. Die romans word dus benader met inagneming van die gewelddadige kontekste waarbinne hulle gestalte gekry het, te wete Amerika in die nadraai van die Viëtnam-oorlog in die geval van *Blood Meridian* en die

geweldgeteisterde postkoloniale Suid-Afrika in *Buys* se geval. Verbande word getrek tussen die karnavaleske en die postkoloniale diskoers, asook tussen die karnavaleske en geweld. Daar word kortliks aangetoon hoedat ekstreme geweld in *Blood Meridian* en *Buys* verestetiseer word deur karnavaleske beelde wat gepaard gaan met poëtiese, beeldryke taalgebruik wat die leser emosioneel betrek. Daar word stilgestaan by etiese voorbehoude oor die verestetisering van geweld in literatuur, terwyl die etiese waarde wat Richard Kearney heg aan 'n narratiewe benadering tot historiese geweld ook onder die loep kom. Dit word gevolg deur 'n vergelykende ontleding van geweldstonele in die twee romans waarin die groteske liggaam, karnavaleske kleredrag, die karnavaleske vermenging van die kombuis en die slagveld en karnavaleske taalgebruik voorkom. Ten slotte word tot die gevolgtrekking gekom dat die aanwending van karnavaleske beelde in geweldstonele in *Blood Meridian* en *Buys* 'n estetiese strategie is waardeur die leser se ervaring van daardie geweldsvergrype in die verlede geïntensiveer word deurdat hy emosioneel daarby betrek word. Dit verhoog die leser se bewustheid van die historiese werklikheid van morele transgressie – 'n rol wat ook deur die oorspronklike karnaval in die Middeleeue vertolk is – en maak 'n appèl op die leser dat die geweldsvergrype 'n etiese respons vereis.